Litera

# Gedigte

*Christine Barkhuizen le Roux*

brandskildering 243

somer 243

reis    Amsterdam 244

*Johann Lodewyk Marais*

Platberg se water 245

Moira 245

In memorium Tommy Brunsdon 246

*Gershwin Wanneburg*

Understand how I love 247

Views 248

As we lie 249

# Kortverhale

*Wicus Verhoef*

Ons hou partytjie 251

*Renier Mostert*

Nog net 'n week, Ma 253

NATIONAL ARTS COUNCIL OF SOUTH AFRICA

Die rubriek *Litera* word finansieel gesteun deur die Nasionale Kunsteraad /
The section *Litera* is financially supported by the National Arts Council/

# Rubriek vir skeppende werk

Litera is ’n rubriek vir die publikasie van skeppende werk in al die tale wat gewoonlik in *Literator* gebruik word. Die Redaksie wil daarmee ’n geïntegreerde beeld skep van die verskeidenheid nuwe skryfwerk wat Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Die Redaksie kan met vreugde aankondig dat ’n kontantprys toegeken gaan word aan die beste bydraes in die loop van ’n jaar. Een prys sal toegeken word vir die beste bydrae deur ’n debutant en ’n tweede vir die beste bydrae deur ’n meer gevestigde skrywer.

Skrywers word daarom uitgenooi om korter skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek. Dit kan gedigte of kortverhale wees, maar drama- of romanfragmente en eksperimentele tekste is ook welkom. Bydraes word deur die redaksie gekeur, maar geen korrespondensie kan daaroor gevoer word nie. Vier kopieë van elke bydrae, in dubbelspasiëring getik, moet voorgelê word. Die naam en adres van die insender moet regs bo-aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke los vel vermeld word. **Verstrek ook ’n telefoonnommer, faksnommer en e-posadres waar u bereik kan word.**

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

# Section for creative writing

Litera is a section for the publication of creative writing in all the languages that *Literator* usually caters for. Through this section the Editorial Board want to present an integrated image of the diversity of new writing by South Africans.

The Editorial Board is pleased to announce that a cash prize will be awarded for the best contributions for a specific year. One prize will be awarded for the best debut contribution and one for the best contribution by a more established author.

Writers are therefore invited to submit shorter creative work for publication in this section. Poems and short stories are welcome, but also play and novel fragments and experimental texts. Contributions are refereed by the Editorial Board, but we cannot enter into correspondence about the work submitted. Four copies of each contribution, typed in double spacing, should be submitted. The name and address of the author should appear at the top right of the first page of stapled text and on every loose sheet sent in. **Please include a telephone number, a fax number and an e-mail address where you can be contacted**.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator* (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

## Reglement: Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns

1. Die Redaksie van *Literator* ken jaarliks, uit geld bewillig deur die Nasionale Kunsteraad, twee pryse toe vir die beste bydraes vir ’n kalenderjaar in die rubriek “Litera”.
2. Hierdie pryse sal bekendstaan as die Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns.
3. Die waarde van die pryse hang af van die grootte van die toekenning deur die Nasionale Kunsteraad.
4. Twee pryse word toegeken, een vir skrywers wat reeds ’n bundel in die betrokke genre gepubliseer het, en een vir skrywers wat nog nie ’n bundel gepubliseer het nie (d.w.s. wat as debutante beskou word).
5. Die Redaksie bepaal aan wie die pryse toegeken word, en die Redaksie kan buitebeoordelaars gebruik om met die beoordeling behulpsaam te wees. Die beslissings van die Redaksie is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.
6. Die Redaksie behou hom die reg voor om vir ’n spesifieke jaar of vir ’n spesifieke kategorie nie ’n prys toe te ken nie of om ’n prys onder verskillende skrywers te verdeel.
7. Die name van die skrywers aan wie die pryse toegeken is, sal bekendgemaak word in die eerste uitgawe van *Literator* van die daaropvolgende kalenderjaar.

## Rules: Litera Prizes for Creative Writing

1. The Editorial Board of *Literator* yearly awards two prizes for the best contributions for a calendar year in the section “Litera” from money granted by the National Arts Council.
2. These prizes will be known as the Litera Prizes for Creative Writing.
3. The size of the prizes will depend on the grant received from the National Arts Council.
4. Two prizes will be awarded, one for writers who have already published a collection in the genre concerned, and one for writers who have not yet published a collection (that is, who are regarded as making their début).
5. The Editorial Board determines to whom the prizes will be awarded, and it may appoint external judges to help with the evaluation of contributions. The decisions of the Editorial Board are final and no correspondence on this matter will be entered into.
6. The Editorial Board reserves the right to make no award for a particular year or in a particular category or to divide a prize among different authors.
7. The names of the authors to whom the awards have been made, will be published in the first issue of *Literator* of the subsequent calendar year.

*Christine Barkhuizen le Roux*

# brandskildering

nou dat ek my gedurf het
aan die oog se straal
sonder die skerm
van gerookte glas
word elke donker beeld gewis

blink op die retina
die ritseling van son op blaar
’n boom verblindende wit lig

jou honderdvoudige groen lag

# somer

laat jou hande
oopgaan oor my

die jongknoppe lê volgebloei
sag aan die vingers van die mond
en langsamer sal jy
uit hierdie kelk die somer drink
die voorspel
tot die najaar klink

laat my
aan jou hand glo

ook ooprose
is mooi

*Christine Barkhuizen le Roux*

# reis

## Amsterdam

ek dra jou in die filigrain
vlegwerk van Zeeuwse silwerdraad
’n blom geknoop aan elke oor

ek hou van jou ’n skildering
die son wat lig oor water verf
’n brug oor elke diep groen grag

in elke uur se spel bly jy
weer klink die klokke die bewys
die seker voortgang van ons reis

***Johann Lodewyk Marais[1]***

# Platberg se water

Nog een maal wil ek in die laatmiddag
weer op die dorp kom as die mis opsteek,
weer met die grondpad teen die berg op stap,
waar die oostewind deur die ouhout waai
weer my glas uit die Gibsondam volmaak
en die soet water van die bergstroom drink.

# Moira

Ons Sondagoggende was so helder,
ons, die klein kindertjies van die berge,
wat onder die donker sederbome
valdeurspinnekoppe se deksels soek
en met 'n stokkie oopsteek. Ongesteurd.
Ons, op die oggende van tee en koek,
wat aan die roosknoppe ruik en skater,
die purper dahlia se groot roset
uitmekaarmaak en op die grond laat val
en rooisalieblomme staan en uitsuig.
Ons, die kindertjies van die oumense,
wat met hulle emmers dun varkore
in die kerkhof met sy skewe stene
die band met ons voorvaders vernuwe
en ons alleen die paadjie laat afstap.
Ons, wat klein wegraak in die somergras.
In my vroegste skrif staan my en jou naam
op 'n flentertjie papier langs mekaar.

1 Hierdie gedigte kom uit 'n bundel *Plaaslike kennis* wat gedurende 2003 by Protea Boekhuis verskyn.

*Johann Lodewyk Marais*

# In memoriam Tommy Brunsdon

Van ’n bivak praat niemand nou meer nie.
Die kommandant se sabel hang al lank
aan ’n kapstok in die donker voorhuis.

Die wit hondjie is die Donderdag weg
en die breë voorbrande om die plaas
kon die dood nie oorkant die drif hou nie.

Die skoonseuns het die Ford-trekkers laat haal,
die Afrikaners bymekaargemaak,
die drade platgedruk en aangejaag,
met die werkers gereël, die pad gevat.

Kraaie het mieliepitte op die spoor
van die stropers kom oppik en swerm
elke aand oor die bloekoms om die huis
waar die vrou portrette afhaal, inpak.

***Gershwin Wanneburg***

# Understand how I love

Understand how I love,
Intensely and easily,
And let me love you,
Love every reach of you.

Where your brow arches;
Where your knee bends;
Where your smile cracks.

Where your beloved's head rests;
Where her fingers have, again and again,
Caressed,
And herself indulged.

Where your heart, your enviable heart, thumps.

***Gershwin Wanneburg***

# Views

The sun
Sweeping like an outstretched hand
Across the horizon

The ocean
Deep, vast, majestic
Like old uncles with big bellies

Having been failed by all else,
I now harbour faith in these things:
Indifferent, Awesome
            Eternal
Ah, tonight!

Can you believe how beautiful it is?
The second night in a row it's been.

The crescent moon
Like a head thrown back in laughter;
The sky kool-aid red, tonight;
Last night it was packed with occasional clouds
and stars winking prettily,
almost shy.

*Gershwin Wanneburg*

# As we lie

your neck tastes
          tender

I slurp your eyes
bite your chin
deposit a kiss
upon your closed eyelids

palm to palm,
our fingers locked,
firmly,
till our knuckles pale

I blow
slow
concentric circles
around your navel

and, like a comb,
untie the knots in your hair

my head rests
in the nook
between your head and neck,

your hand,
in the arch of my back
strums staccatto
Mother coaxing child
to sleep

your soapy clean smell
fills my lungs

my heart
thumps
against your calm chest

***Wicus Verhoef***

# Ons hou partytjie

Die bure sal daar wees met hulle geld en hulle pajero's en hulle ego's en goedkoop Afrikaanse musiek.

Die mense van langsaan sal daar wees met hulle skuldgevoelens (gewaand) want hulle voel hulle kan 'n inset lewer.

Ons hou 'n partytjie.

Die ousie sal kom met haar baie kinders en hulle sal al die kos opeet, maar dit sal nie saak maak nie, want al die tradisionele skinderende vrouegaste is in elk geval almal op dieet. En hulle vet mans drink bier en praat oor rugby.

Almal sal sê hoe welkom die ousie met die vriendinne van die mense langsaan en die bure is en hoe bly hulle is dat dié mense hier is en hoe slim ons was om hulle te nooi (of nie), maar eintlik wil niemand hulle hier hê nie.

Ons gaan uitspattig wees want, o, ons is so plesierig. Die man van langsaan sal gevra word om die baie kosse vir ons in te seën – hy is immers 'n ouderling. En hy sal dankie sê vir ons samesyn en vir al die baie seëninge wat ons so onverdiend ontvang en vir die kos. Hy sal vra vir vrede in ons *wonderlike land* en die buurvrou sal skelm loer wat sê die ousies en hulle kinders se gesigte as hy *dit* vra en ook of hulle oë toe is.

As die ouderling klaar sy alombekende danklied afgeprewel het, sal daar vir almal gesê word hoe bly die res is is dat hulle daar is en die middeljarige buurman met die golfhemp en die pajero sal die notule van die vorige partytjie stamelend in Engels lees (almal verstaan nie Afrikaans nie).

Die luide ousies en hulle kinders en vriendinne sal dan op die kospotte toesak, alles eet en dan met die skottelgoed begin en die res van ons sal mekaar met die plastiekmesse in die rug steek, want daar is onenigheid oor waar die volgende partytjie sal plaasvind en of daar 'n

tema moet wees en *wat* dit sal wees. Ook is die buurman se vrou ontevrede oor haar ousie nie as voorsitster verkies is nie.

Ons hou ’n Nasionale Partytjie.

***Renier Mostert***

# Nog net ’n week, Ma

Die gezoem van die sonbesies voel teen dié tyd asof dit binne in my kop is. Miskien is dit. Dit raak al hoe moeiliker om te weet wat is en wat is nie.

Hél, die helfte van die tyd weet ek nie eers of ek nog is nie. Tien teen een lê my lyf al drie weke en vrot êrens op ’n vlakte langs die Cuito. Ek skat dit is seker maar malaria of iets, maar ek sweer as ek nog vyf minute lank vir hierdie bosse of sand of Luanda-prossies moet kyk, dan ... die Here alleen weet wat dan, maar die Sarge se agterkop begin om al hoe groter te swel hier voor my, ’n lekker ryp teiken. Die ou pis al lankal my battery nat. Meeste van die kak waarin ons nog gekom het, was sy skuld. Soos by Neriquinha ...

Ons het in die bossies gelê en wag. Vroeg die oggend het daar ’n mess aangekom; drie weke se hardgegroeide bum-fluff op sy wange. Hy was seker nog nie eers donners sestien nie.

*Ja Ma, ek weet ek vloek te veel, suip ook. Hoe gaan dit met Mirha en Lassie? Het pa al begin plant? Ek hoor die reën lyk goed dié jaar. Toemaar, nog ’n week dan is ek by die huis. Amper.*

*Amper.*

Hy het vir die Sarge kom sê daar is weer ’n squad op ons pad.

Ons het aangeloop, altyd in pas. Ek kon die dik, stink sweetreuk van die bosse om ons ruik, ’n hand wat op my skouer druk en my in die vuil grond wou inboor.

Dit was stil. Daardie stil wat ’n mens net in Angola se bosse hoor.

Doodstil.

Letterlik.

Voor ons het ’n dun rookwolkie in die verte opgetrek en my maag het sy battle cry gegee. Ek het geweet wat kom. As die donnerse Angos tog net beter spaais gehad het, kon ons al baie van die kak vermy het. Ons het

tussen die bosse weggekruip en gewag. En die voëls wou nie ophou raas nie. Ek en Dirkie, goeie ou Dirkie van die skoolbanke tot by camouflagestrepe, het onder ’n rots gaan lê. Tussen die voëls het ons die singende vyand hoor naderkom met ’n rumoer wat hulle seker in Zaïre kon hoor. Ons het reggemaak vir hulle en nog gewag.

En die voëls wou nie ophou raas nie.

As Sarge net sy bek kon gehou het, was ons álmal nou hier op die Kasper. Hulle sou reg tussen ons deurgeloop het en nooit geweet het van die dertig Suid-Afrikaners om hulle nie.

Maar Sarge wou charge. Ons het, onnodig. Een oomblik was die bos nog rustig en toe, toe sny my geheue uit en al wat ek kan onthou was ... was vuurenskreeuenvlammeen bloedenobliksemmyarmbloei en Dirkie.

Dirkie. Ek het die sweet van sy lyf om my geruik en ons kinderdae gesien en toe begin hy gil en hy spring op, die swart staal glimmend en spoegend voor hom. En ek sien die rooi kol op sy bors verskyn en soos ’n roos sy blare uitstrek oor sy kakies.

Dirkie het my alleen gelos in dié kakplek en dit is Sarge se skuld.

En die voëls was stil.

Ons is nou al weer op pad. Ek weet nie meer waarheen nie. Maak ook nie saak nie. Nog net ’n week …

*’n Week Ma! ’n Week dan is dit weer net ek en Ma en Pa en die plaas en ... en Sonja. Sê asseblief vanaand vir Sonja ek’s lief vir haar, Ma. Of toemaar, oor ’n week sal ek dit self vir haar sê en haar styf teen my vashou en al die kak sal verby wees, Ma. Ek sweer Ma. Ek sweer.*

… dan is my periode verby. Vyf minute van ’n week is niks. Ek behoort dit te maak. Sarge moet net sy bek hou.

Bosse bome bosse bome en ’n honger kaffertjie. Nog tien duisend soos die twaalf miljoen voor hulle. Altyd dieselfde. Nog net ’n week, net ’n week net ’n wee ...

Donner! Waar het die bliksems nou vandaan gekom? Hél, dit was seer! My arm bloei. Nou is dit ek en julle bliksems. Dit was te vinnig om te sien wat gebeur het – seker ’n landmyn in die pad en ’n ambush langsaan. Die Casspir lê soos ’n omgegooide asblik hier langs my en brand, en die vlamme skroei my hare. Ek wonder hoeveel van my buddies is oor. Laat ek sien; ons was twee en dertig, ek sien niemand behalwe myself nie. Die agterdeure van die Casspir het oopgehang en die landmyn is juis

deur die regteragterwiel afgetrap. Hier links voor my lê iemand se been met ’n bruin stewel nog stewig vasgegespe. Die bloed sypel in ’n wye kring in die warm grond in. Dit lyk soos ou Spekkies s’n.

Iemand moet nog lewe! Vanuit die bosse bars die R1’s los met ’n harde slag wat skeur deur die hitte. ’n Ango en ’n Rekkie skreeu gelyktydig. Ek beter skuiling kry en die donners begin terugskiet. Daar is seker tienduisend van hulle! Orals om my klink hul opgewonde gejil op. Shit, hulle het ons bad gevang. Sarge se oë was seker weer toe van die babelaas. Hy sal dit nog eendag kry saam met die res wat hy al hel toe gestuur het.

Hoekom is dit nou so stil? Seker weer een of ander scheme. Maar vandag is ek reg vir hulle. Net my geweer oorlaai …

*Ek weet ek is nie veronderstel om iemand te vermoor nie, Ma. Ek weet dit en ek haat dit. Moenie mý haat nie, Ma. Dis óf hulle óf ek, Ma! Dink Ma nie dit skreeu hier in my binneste ook as ek ’n liggaam uitmekaar laat skeur nie? Ek wil nie, Ma, ek kan nie meer nie.*

*Maar ek moet, Ma, ek’s ’n Rekkie. En ou Pik het so gesê.*

*Ek wil nie maar, ek moet.*

… dan skiet ek vandag die laaste bliksem plat. Voor my kan ek een se gat sien uitsteek. Ek trek die sneller. Die bloed en harsings bars soos ’n ryp waatlemoen uit sy kop uit en vlieg deur die lug tot waar dit teen Spekkies se skoen vasklou. Een minder. Ek’s vandag lus vir hulle.

Daar is nog een. Ek trek weer die sneller en nog ’n gil soos ’n duisend ander klink uit die bosse. Daar gaan nog een van ons ouens en ek wonder hoeveel is oor ...

’n Halfuur later. Ek het twee wonde, een in my sy en een deur my been. Ek het netnou probeer loop, maar ek kan nie meer nie.

En die bloed. Orals is bloed. In die gras om my en teen die klippe oorkant die slagveld. Darem leef ek nog en dit is al wat tel. Die swart voor my oë kom en gaan met tye, maar dis vir nou nog orraait. Ek moet nou net stil lê vir eers. Die Angos loop deur die slagveld en soek vir lewe. Almal behalwe ek het uitgekoop. Dit was darem die een kwaai ding; toe hulle Sarge vol koeëls gepomp het! Presies soos ek dit sou doen, maar nou is daai bliksem darem uit my lewe uit te danke aan hulle.

*Ag Here Ma, dis warm en dis koud en my lyf is seer en ek bloei en ek weet nie of dit warm of koud is nie, Ma en ek weet net dit is warm en dis*

*koud en kom help my Ma en ek kom oor ’n week huis toe Ma kom hou my net warm en sê vir Sonja ek is lief vir haar Ma en vir Ma ook en vir Pa en ek is amper by die huis en dit is warm Ma en dit is koud en ek het sy kop soos ’n ballon gepop en Dirkie is dood en ek dink ek ook Ma en dis warm en dis koud, Ma. En Sonja, Ma. Sonja verwag en ek is jammer daaroor maar ek gaan die beste pa wees Ma en ek kan nie meer wag om my kind te sien nie en dit is warm en dit is koud Ma en ek weet nie meer wat dit is nie ...*

Nog vyftien minute gaan ongesiens verby en die swart gaas skuif weer weg voor my oë en ek kan weer sien. Die pyn in my been raak al hoe erger. Deur die hitte voel ek ’n koel windjie oor my waai. Ek wonder wat doen my Ma-hulle nou en dink hulle aan my en wat sou hulle gedoen het as hulle geweet het waar ek nou is.

En Sonja. Sonja met die blouste blou oë en my kind in haar maag en die geur van roosmaryn in haar hare. As ek net kan opstaan met my been en die donners almal kan doodskiet en huis toe kan gaan.

Maar ek kan nie.

Ek hoor van agter af ’n Ango se stewels skop-skop nader kom en …

O Here, ek kan nie opstaan nie en hy kom nader en ek is al wat oor is van die hele peleton en skielik is ek bang.

*Ek kan nie opstaan nie, Ma!*

Ek kyk op in sy geweer en ek hoor die voëls het uiteindelik weer begin sing.